

Vrydag 7 September

Skrifgedeelte: Rigters 4:1-24

Fokusgedeelte: Rigters 4:21-23

## ... haar nageslag sal jou kop vermorsel ...!

Die heel eerste profesie van ons Here Jesus Christus se oorwinning oor die Bose vind ons in die moederbelofte van Genesis 3:15. Die vyandskap tussen Eva se nageslag en die Bose sou uiteindelik op Christus se oorwinning aan die kruis uitloop!

Die geskiedenis leer ons dat die sondeval nie alleen *die wil* nie, maar ook *die motief* van die mensdom verander ... *om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here*. En telkens lees ons hoe God sy volk straf en tugtig deur hulle aan die vyandige konings oor te gee sodat hulle tot bekering kan kom en na Hom terugkeer. Ongelukkig het hierdie vyandige konings dikwels hulle mag en gesag misbruik en die volk meer geteister as wat nodig was. En sodoende was hulle instrumente van die duiwel en daarom moes God keer op keer in genade intree.

In dié verhaal gebruik die Here vir Debora, die vrou van Lappidot, om die straf van ko-ning Jabin aan te kondig. Sy sê vir Barak dat God vir Sisera, koning Jabin se leërhoof, aan hom sal oorgee. Die straf gaan dus beëindig word. Jael, die vrou van Geber die Keniet, roep vir Sisera vriendelik na haar tent waar sy hom agter die gordyn wegsteek. Terwyl hy slaap, deurboor sy die kopbeen van Sisera met 'n tentpen en 'n hamer.

God gee weer in genade die uitkoms. En een uit die nageslag van God se vriend Moses (Eks. 33:11) stuit die Bose op sy pad. Hierdie geskiedenis herhaal homself 'n paar keer. Sonde, straf en genade!

Uiteindelik word ons Here Jesus Christus aan die kruis op Golgota vasgenaël, sodat Hy die volle prys kon betaal vir die sonde van die mens. Deur sy wonde kom daar vir ons ge-nesing. Deur sy sterwe oorwin Hy die dood en word die magte van die Bose gebind en word die kop van die slang finaal vermorsel. Die oorwinning is behaal.

God die Vader het sy belofte aan Eva en haar nageslag gehou ... en ons is vrygemaak!

Sing: Psalm 124-1:1-4

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)